

DISSIPLINÊRE BELEID

A. DOEL VAN DIE DISSIPLINÊRE BELEID:

1. Om aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag te definieer.
2. Om gepaste strafmaatreëls en strafprosedures daar te stel.
3. Om 'n positiewe beeld van die skool in die gemeenskap te bevestig.
4. Om die rolspelers in die skool se dissiplinêre bestuur te identifiseer.
5. Om 'n ideale leeromgewing te verseker waarin kwaliteit onderrig en leer kan plaasvind.

B. GRADERING VAN OORTREDINGS:

1. Kategorie A-Oortredings.

- Rondloop, gesels en eet in klaskamer sonder verlof.
- Verontagsaming van klaskamerreëls in die algemeen.
- In besit van 'n aangeskakelde selfoon tydens skoolure.
- Pligsversuim ten opsigte van tuiswerk en billike instruksies.
- Rommelstrooi.
- Slordige voorkoms en algemene onnetheid.
- Laatkom by aantreplekke na die lui van twee klokke.
- Ontwrigtende gedrag in die klaskamer en tydens saalbyeenkomste.
- Speel in ontoelaatbare gebiede tydens pouses.

Prosedure vir die hantering van Kategorie A-oortredings.

Die opvoeder in wie se teenwoordigheid die oortreding begaan is, neem verantwoordelikheid vir optrede. Indien nie die klasopvoeder, moet die klasopvoeder daarvoor ingelig word vir rekordhouding doeleindes. Die opvoeder sal indien nodig geag, herhaalde Kategorie A-oortredings onder die oortreder se ouers se aandag bring.

2. Kategorie B-Oortredings:

- Herhaalde Kategorie A-oortredings ten spyte van waarskuwings en ingrypings.
- Disrespekvolle optrede teenoor opvoeders en mede-leerders.
- Gebruik van vuil, vernederende en suggestiewe taal.
- Die wys van obsene, suggestiewe tekens en gebare.
- Verlaat van skoolterrein gedurende skoolure sonder toestemming.
- Aanhitsing tot bakleiery en boeliegedrag.
- Wangedrag op busse na en vanaf skoolaktiwiteite.
- Herhaalde laatkom by skool sonder geldige redes. (Redes sal opgevolg word).
- Beskadiging van skool eiendom. Koste om opsetlike beskadiging te herstel, sal van die oortreder se ouers verhaal word.
- Wangebruik en ongemagtigde gebruik van skooltoerusting, bv. brandblussers; rekenaars; krane; alarmstelsel; laboratorium apparate ens.
- Ontwrigting van klas wat onderrig bemoeilik.
- Sonder ouers se toestemming afwesig is (stokkiesdraai).

Prosedure vir die hantering van Kategorie B-Oortredings:

1. Die klasopvoeder behandel en bespreek die gedragskode en gradering van oortredings aan die begin van elke jaar met die leerders in hul onderskeie klasse om te verseker dat die leerders bewus is van watter gedrag van hulle verwag word asook van die gevolge van hul optrede.
2. Na drie oortredings wat duidelik genoteer is, word daar opgetree.
3. Die leerders word vir 5 dae se pouses na die strafkamer verwys deur die klasopvoeder.
4. Die ouers word vooraf telefonies of tydens 'n afspraak hieroor ingelig.
5. Leerders word in die strafkamer onder toesig besig gehou met gepaste aktiwiteite.
6. Leerders word vir die laaste 5 minute van elke pouse verdaag om te eet of / en die kleedkamers te gebruik.
7. Wanneer 'n leerder vir 'n tweede keer na die strafkamer verwys word na 'n verdere drie oortredings, sal hy/sy die pouses van 10 skooldae in die strafkamer deurbring.
8. Indien 'n leerder reeds twee keer die strafkamer bygewoon het en dan weer oortree, sal 'n afspraak met die leerder se ouers gereël word.

3. Kategorie C : Baklei en die toediening van beserings.

- Hierdie oortreding word beskou as baie ernstig.
- Oortreders word sonder waarskuwing van 'n minimum van 10 dae se pouses ontnem.
- Die opvoeder wat die leerder verwys sal die verwysingsvorm voltooi asook die ouers van die oortreders inlig.
- Ouers sal ook telefonies ingelig word oor die aard van die beserings indien nodig geag.
- Indien 'n leerder reeds twee keer die strafkamer bygewoon het en dan weer baklei, sal 'n afspraak met die leerder se ouers gereël word.

4. Kategorie D-Oortredings : Ernstige wangedrag. (Regulasie 3 (1) – Buitengewone Provinsiale Koerant 6939 van 15 Desember 2011).

- Onderhewig aan die bepalings van die Wet, sal 'n leerder by 'n skool wat-
 - ✓ 'n gevaarlike voorwerp, alkoholiëse drank, sigarette of onwettige dwelms gebruik het of in sy of haar besit gehad het of verkoop het of versprei het;
 - ✓ 'n daad van afknouery, aanranding, diefstal, brandstigting of kwaadwillige beskadiging van eiendom pleeg;
 - ✓ 'n daad van gruwelike ongehoorsaamheid pleeg of immorele gedrag openbaar;
 - ✓ In besit is of gebruik maak van enige ongemagtigde afskrif van 'n toets- of eksamenvraestel, of kul, versprei, uitruil, omkoop of poog om enige persoon om te koop ten opsigte van enige toets of eksamen, met die doel om sodoende sigself of enige ander persoon in die posisie plaas om 'n onbillike voordeel te verkry;
 - ✓ Haatspraak gebruik, homself of haarself skuldig maak aan rassisme, seksisme, seksuele teistering, in besit is van of pornografiese materiaal versprei of deelneem aan enige daad van openbare onsekelikheid;
 - ✓ Die veiligheid van medeleerders of opvoeders in gevaar stel of bedreig, die skoolprogram ontwrig of die regte van ander skend;
 - ✓ Homself of haarself valslik identifiseer, bewustelik en opsetlik valse inligting verskaf of dokumentasie vervals om onbillike voordeel te verkry by 'n skool;

- ✓ Herhaaldelik skuldig bevind is aan oortredings van die leerdergedragskode; of
 - ✓ Homself of haarself, volgens die mening van die beheerliggaam, op 'n skandelige, onvanpaste of onbetaamlike wyse gedra;
 - ✓ skuldig mag wees aan wangedrag.
- Onderhewig aan die bepalings van die Wet, kan 'n leerder by 'n skool geskors word deur die beheerliggaam of uitgesit word deur die Departementshoof, indien, na 'n billike verhoor, hy of sy skuldig bevind is aan ernstige wangedrag soos bedoel in subregulasie (1)

Prosedure vir die hantering van Kategorie D-Oortredings : Ernstige wangedrag.

1. Ondersoek na moontlike wangedrag.

1.1 Waar daar bewerings is dat die optrede van 'n leerder beskou kan word as ernstige wangedrag in terme van regulasie 3(1), moet die bewering onder die aandag van die prinsipaal gebring word, wat-

- Ondersoek moet instel of moet sorg dat ondersoek ingestel word om te bepaal of daar gronde bestaan vir 'n dissiplinêre verhoor;
- Moet besluit of daar genoegsame getuienis is om dissiplinêre prosedures teen die leerder ten opsigte van die ernstige misdryf in te stel en of dit nodig is om die saak by die beheerliggaam aan te meld.

1.2 Die beheerliggaam mag, op redelike gronde en as voorsorgmaatreël, die leerder wat van ernstige wangedrag verdink word skors van skoolbywoning vir 'n periode van hoogstens sewe skooldae.

1.3 Die beheerliggaam moet-

- Die leerder en die ouers van die leerder in kennis stel van die voorneme om te skors en die redes daarvoor;
- Die leerder en die ouers van die leerder 'n redelike geleentheid bied om vertoë te rig aan die beheerliggaam insake sodanige skorsing, en
- Die besluit om die leerder te skors aan die Distriksdirekteur rapporteer, wie 'n register van alle sodanige skorsings moet hou.

1.4 die beheerliggaam moet dissiplinêre prosedures instel teen die leerder op die wyse soos bedoel in artikel 8 van die Wet binne sewe skooldae na die skorsing van sodanige leerder.

1.5 Indien dissiplinêre prosedures nie uitgevoer is binne sewe skooldae na die skorsing van die leerder nie, moet die beheerliggaam die goedkeuring van die Departementshoof verkry vir die voortgesette skorsing van sodanige leerder.

2. Skorsing van leerder.

2.1 'n Beheerliggaam mag 'n leerder slegs uit die skool skors-

- As voorsorgmaatreël op die wyse soos bepaal in regulasie 2(2) vir 'n tydperk van hoogstens sewe skooldae;
- As korrektiewe maatreël soos bepaal in regulasie 7(4)(e)(i) vir 'n tydperk van hoogstens sewe skooldae nadat die leerder skuldig bevind is aan ernstige wangedrag; of
- In afwagting op die besluit van die Departementshoof op die wyse soos bepaal in regulasie 8(2) vir 'n tydperk hoogstens 14 skooldae.

2.2 Die totale tydperk van skorsing uit die skool van 'n leerder moet nie langer as 21 skooldae wees nie.

2.3 Die beheerliggaam moet die besluit om die leerder te skors, asook die aard van die skorsing, aan die Distriksdirekteur rapporteer wat dit sal aanteken in 'n register van alle skorsings.

3. Kennisgewing aan leerder en ouer van dissiplinêre verhoor (Bylae A).

3.1 Die beheerliggaam moet die leerder sowel as die ouers van die leerder skriftelik in kennis stel dat dissiplinêre prosedures teen sodanige leerder ingestel gaan word. Die kennisgewing moet-

- Ten minste vyf skooldae kennis gee voor die verhoor plaasvind;

- Die leerder en die ouers van die leerder in kennis stel dat dissiplinêre prosedures ingestel sal word teen die leerder;
- Voldoende gegewens van die datum, tyd, plek en aard van die beweerde ernstige wangedrag bevat om die leerder in staat te stel om die insident te identifiseer en daarop te reageer by die dissiplinêre verhoor;
- Die datum, tyd en plek van die dissiplinêre verhoor bevat;
- Die leerder adviseer aangaande sy of haar reg om
 - Vergesel te wees en by die verhoor verteenwoordig te word deur sy of haar ouer(s) of deur 'n verteenwoordiger van sy of haar ouers se keuse;
 - Toegang te vra tot dokumente of inligting wat as getuienis voorgelê is, en
 - Vrae te stel, kruisondervraging te doen, getuienis te lei, getuies te roep en dokumentêre bewys te lewer om kwessies aangaande die bewerings uit te klaar,
- Die leerder van die voorkomende skorsing as voorsorg, waar van toepassing, en die aard van die akademiese ondersteuning wat deur die skool verskaf moet word, inlig, voor die dissiplinêre verhoor en tydens die periode van skorsing soos bedoel in regulasie 2(2)

3.2 Die prinsipaal moet die leerder in kennis stel soos bedoel in subregulasie (1) en 'n afskrif daarvan aan die ouers van die leerder aflewer by die adres van die leerder aangedui in die skool se toelatingsregister of die leerderprofiel.

4. Aanstelling en benoeming van dissiplinêre komitee.

Die beheerliggaam sal voorsit as die dissiplinêre komitee tydens die dissiplinêre prosedures, uitgesonder die skoolhoof, die aanklaer en gekoöpteerde lede. Die voorsitter van die beheerliggaam sal optree as voorsitter tydens die dissiplinêre prosedures. Daar moet onpartydig, billik en sonder gunsbetoning of vooroordeel opgetree word.

C. DISSIPLINÊRE VERHOOR:

1. By die dissiplinêre verhoor het die leerder die reg om teenwoordig te wees, om verteenwoordig te word, om getuienis te lewer en of persoonlik of deur 'n verteenwoordiger-
 - sy of haar saak te stel;
 - getuies op te roep;
 - vrae te stel aan enige persoon wat as getuie opgeroep is ter ondersteuning van 'n aanklag; en
 - dokumente te inspekteer wat as getuienis voorgelê is.
2. Indien 'n leerder of sy of haar ouers versuim om die dissiplinêre verhoor by te woon sonder 'n geldige rede, en na behoorlike kennisgewing soos bedoel in regulasie 5, kan die verhoor, nadat dit 'n tweede keer saamgeroep is, in hulle afwesigheid gehou word.
3. Die voorsitter moet aan die begin van die dissiplinêre verhoor die redes vir die dissiplinêre verhoor verduidelik, versoek dat die aanklag of aanklagte gelees word en die leerder versoek om op die aanklag te pleit.
4. Indien die leerder skuldig pleit, moet die voorsitter-
 - Seker maak dat die leerder weet en verstaan waarop hy of sy skuldig pleit;
 - Die leerder, die verteenwoordiger en die ouers van die leerder vra of enige een versoë wil rig voor 'n gepaste strafbepaling opgelê word;
 - Die leerder, die verteenwoordiger en die ouers van die leerder en enige ander partye, behalwe die lede van die dissiplinêre komitee, versoek om die kamer te verlaat terwyl die komitee oor 'n gepaste strafbepaling oorleg pleeg;
 - Seker maak dat die dissiplinêre komitee op 'n gepaste strafbepaling besluit;
 - Verseker dat die dissiplinêre komitee, na die skuldigbevinding van die leerder aan ernstige wangedrag, besluit of-

- Die leerder geskors behoort te word vir 'n tydperk van hoogstens sewe skooldae;
 - Enige ander strafmaatreël bedoel in die gedragskode vir leerders van daardie skool vir ernstige wangedrag aan die leerder opgelê moet word; of
 - 'n aanbeveling aan die Departementshoof gedoen moet word om die leerder uit te sit; en
- Die leerder, verteenwoordiger en ouer(s) van die leerder terugroep en in kennis stel van die aanbevelings wat aan die beheerliggaam voorgelê sal word.
5. Indien die leerder onskuldig pleit, moet die voorsitter-
 - Versoek dat die ondersoekverslag voorgelees word en getuienis aangebied word ter ondersteuning van die aanklag, wat insluit die oproep van 'n klaer en getuies;
 - Aan die leerder verteenwoordiger en ouers van die leerder die geleentheid bied om vrae te stel aan die klaer en die getuies met die doel om getuienis te weerlê;
 - Komiteeledede toelaat om vrae te stel om onduidelikhede op te klaar; waar van toepassing;
 - Die leerder 'n geleentheid bied om sy of haar saak te stel en getuies te roep;
 - Komiteeledede toelaat om vrae te stel vir duidelikheid;
 - Die leerder, verteenwoordiger en ouers van die leerder verskoon terwyl die komitee getuienis in oorweging neem en op die uitspraak besluit; en
 - Die leerder verteenwoordiger en ouer(s) van die leerder terugroep en hulle inlig aangaande die besluit van die dissiplinêre komitee.
 6. Indien die dissiplinêre komitee die leerder skuldig bevind, moet die voorsitter:
 - Hom of haar, of sy of haar verteenwoordiger of ouers van die leerder, vra of hulle verhoë wil rig voordat 'n besluit geneem word oor die gepaste strafbepaling; en
 - Die leerder, die verteenwoordiger en die ouers van die leerder en enige ander partye, behalwe die lede van die dissiplinêre komitee, versoek om die kamer te verlaat terwyl die komitee oor 'n gepaste strafbepaling oorleg pleeg.
 7. Die dissiplinêre komitee moet dan besluit op 'n gepaste strafbepaling na inagneming van al die getuienis en verhoë en besluit of:
 - Die leerder geskors behoort te word vir 'n tydperk van hoogstens sewe skooldae;
 - Enige ander strafmaatreël bedoel in die gedragskode vir leerders van daardie skool vir ernstige wangedrag aan die leerder opgelê word; of
 - 'n aanbeveling aan die Departementshoof gedoen moet word om die leerder uit te sit.
 8. Die leerder, verteenwoordiger en ouers van die leerder terugroep en in kennis stel van die aanbevelings wat aan die beheerliggaam voorgelê sal word.
 9. Die leerder of sy of haar ouers moet verder skriftelik ingelig word van die besluit van die beheerliggaam of hy of sy skuldig bevind is al dan nie aan ernstige wangedrag, en die strafbepaling ingestel. - Bylae B of C

D. MOONTLIKE INTERVENSIES:

1. Mondelinge waarskuwing/ernstig aanspreek om afkeuring van gedrag deur te gee.
2. Skriftelike waarskuwing.
3. Finale skriftelike waarskuwing.
4. Bywoning van strafdiner (detensie).
5. Bywoning van 'n relevante lewensvaardighede-program.
6. Boetes vir skadevergoeding.
7. Uitsluiting van leerder van skoolaktiwiteite en funksies
8. Terugtrekking van beloning/toekenning wat reeds ontvang is.
9. Tydelike skorsing.
10. Skorsing hangende SG se besluit oor aanbeveling tot uitsetting.

E. BESLUITNEMING OOR DIE MEES TOEPASLIKE STRAF:

(Faktore wat in ag geneem moet word by oorweging van die mees toepaslike straf):

Die Leerder:

- Ouderdom en ontwikkelingsfase ('n 8-jarige en 'n 15 jarige kan nie dieselfde hanteer word nie).
- Houding ten opsigte van skoolwerk en medeleerders.
- Dissiplinêre rekord en bereidheid tot verandering.
- Die leerder se redes vir die oortreding.
- Die leerder se berou en gewilligheid om die oortreding reg te stel.

Tipe oortreding en die omvang daarvan:

- Relevante omstandighede.
- Die effek wat die oortreding op ander gehad het.
- Die frekwensie van die oortredings.
- Die omvang van skade en verlies.

Die verantwoordelikheid van die skoolgemeenskap:

- Neem verantwoordelikheid vir begeleiding van die leerder deurdat die volgende oorwegings in korrektiewe aksies ingebou word.:
Kompensasie, herstel, afskrikking en voorkoming.

F. DISSIPLINÊRE OORSIGGLYS:

Om te verseker dat die dissiplinêre optrede regverdig is, kan die volgende vrae gevra word:

- Is die rede vir dissiplinering geldig (word die skool se gedragskode of enige ander wetgewing oortree?)
- Ken die leerder die reëls?
- Het hy/sy genoegsame waarskuwing ontvang?
- Is die aard van die oortreding aan die leerder verduidelik?
- Is daar genoegsame bewyse van die oortreding? Is die bewyse geldig en aanvaarbaar?
- Is 'n verhoor volgens die regte prosedure gehou in die geval van ernstige wangedrag?
- Is die straf konsekwent vir soortgelyke oortredings, maar met oorweging van die omstandighede?
- Is die leerder en die ouers ingelig oor die redes vir die straf?
- Is die straf regverdig – was daar goeie rede?

G. SKORSING EN UITSETTING VAN LEERDERS:

Nuutste relevante inligting geld.

H. SKOOLREËLS:

Sien prospektus.

I. REKORDHOUDING VAN OORTREDINGS EN VERWYSING NA STRAFKAMER:

1. Aanhangsel A

- Die strafbrief maak voorsiening vir die notering van oortredings.
- Na 3 oortredings word die leerder na die strafkamer verwys vir 5 dae.
- Voltooi "Kontak met ouers/voogde nr. 1".
- Opvoeder wat leerder verwys, teken en dateer die strafbrief op die eerste lyn onder aan die strafbrief.
- Die opvoeder maak 'n afskrif van die strafbrief en plaas dit in die adjunkhoof se vakkie.
- Die leerder sal ingelig word oor die dag en datum waarop hy/sy die strafkamer moet begin bywoon.
- Die leerder se volgende 3 oortredings word op dieselfde strafbrief genoteer.
- Voltooi "Kontak met ouers/voogde nr.2".
- Opvoeder wat leerder verwys, teken en dateer die strafbrief op die tweede lyn onder aan die strafbrief.
- Die opvoeder maak 'n afskrif van die strafbrief en plaas dit in die adjunkhoof se vakkie.
- Sodanige leerder sal vir 10 dae na die strafkamer verwys word.
- Indien dit nodig sou word om 'n leerder vir 'n 3^{de} keer na die strafkamer te verwys, moet daar in samewerking met die adjunkhoof 'n afspraak met die ouers gereël word.
- Daar sal tydens hierdie vergadering gepoog word om die rede vir die leerder se onaanvaarbare gedrag te identifiseer.
- Indien nodig sal ouerleiding verskaf word en/of verwysings gedoen word.

2. Aanhangsel B

- Wanneer 'n leerder homself/haarself skuldig maak aan baklei, word die leerder summier vir 10 dae na die strafkamer verwys.
- Die strafbrief word volgens die riglyne vir die voltooiing van aanhangsel A voltooi.
- Indien 'n leerder vir 'n 3de keer na die strafkamer verwys moet word as gevolg van baklei, moet daar in samewerking met die adjunkhoof 'n afspraak met die ouers gereël word.

J. DISSIPLINÊRE PROSEDURE VIR EWEKANSIGE DEURSOEKING EN BESLAG-LEGGING, EN TOETSING VIR DWELMMIDDELS:

1. Niemand mag 'n *gevaarlike voorwerp* of 'n *onwettige dwelmmiddel* in 'n skoolperseel inbring, of sodanige voorwerp of dwelmmiddel op 'n skoolperseel, of tydens enige skoolaktiwiteit, in sy of haar besit hê nie, tensy die prinsipaal dit vir wettige opvoedkundige doeleindes gemagtig het.
2. Behoudens subartikel (3) kan die prinsipaal of sy of haar gedelegeerde enige groep leerders, of die eiendom van 'n groep leerders, ewekansig vir enige gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel deursoek, indien 'n regverdig en redelike vermoede vasgestel is-
 - (a) dat 'n gevaarlike voorwerp of 'n onwettige dwelmmiddel op 'n skoolperseel of tydens 'n skoolaktiwiteit gevind kan word; of
 - (b) dat een of meer leerders op 'n skoolperseel of tydens 'n skoolaktiwiteit gevaarlike voorwerpe of onwettige dwelmmiddels in hulle besit het.

- 3(a) 'n In subartikel (2) beoogde deursoeking mag gedoen word slegs na inagneming van al die tersaaklike faktore, insluitende –
- (i) die beste belang van die betrokke leerders of van enige ander leerder by die skool;
 - (ii) die veiligheid en gesondheid van die betrokke leerders of van enige ander leerder by die skool;
 - (iii) redelike bewys van onwettige aktiwiteit; en
 - (iv) alle tersaaklike bewyse wat ontvang is.
- (b) Wanneer die prinsipaal of sy of haar gedelegeerde 'n in subartikel (2) beoogde deursoeking doen, moet hy of sy dit doen op 'n wyse wat redelik is en wat in verhouding is tot die vermeende onwettige aktiwiteit.
4. Waar 'n in subartikel (2) beoogde deursoeking 'n visentering van die betrokke leerders behels, kan sodanige deursoeking slegs -
- (a) gedoen word deur –
 - (i) die prinsipaal, as hy of sy van dieselfde geslag as die leerder is; of
 - (ii) die prinsipaal se gedelegeerde, wat van dieselfde geslag as die leerder moet wees;
 - (b) in 'n private area gedoen word, waar 'n ander leerder dit nie kan sien nie;
 - (c) gedoen word as een volwasse getuie, van dieselfde geslag as die leerder, teenwoordig is; en
 - (d) gedoen word as dit nie 'n deursoeking van 'n liggaamsholte van die leerder insluit nie.
5. Enige gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel waarop daar beslag gelê is, moet-
- (a) duidelik en korrek gemerk word met volle besonderhede, insluitende -
 - (i) die naam van leerder in wie se besit dit gevind is;
 - (ii) die tyd en datum van deursoeking en beslaglegging;
 - (iii) 'n voorvalverwysingsnommer;
 - (iv) die naam van persoon wat die leerder deursoek het;
 - (v) die naam van die getuie; en
 - (vi) enige ander besonderhede wat nodig kan wees om die item en voorval te identifiseer;
 - (b) in die skool se rekordboek aangeteken word; en
 - (c) onmiddellik aan die polisie oorhandig word om daarvoor te beskik ingevolge artikel 31 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977).
6. As die polisie die gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel nie dadelik by die skool kan afhaal nie, moet die prinsipaal of sy of haar gedelegeerde –
- (a) die gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel na die naaste polisiestasie neem; en
 - (b) die gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel aan die polisie oorhandig om daarvoor te beskik ingevolge artikel 31 van die Strafproseswet, 1977 (wet no. 51 van 1977).
7. Die polisiebeampte wat die gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel in besit neem, moet 'n amptelike kwitansie daarvoor aan die prinsipaal of aan sy of haar gedelegeerde oorhandig.
8. Die prinsipaal of sy of haar gedelegeerde kan, na inagneming van alle beoogde tersaaklike faktore, in subartikel (3) ewekansig 'n urine- of ander ingreepsvrye toets toedien aan enige groep leerders wat op regverdige en redelike gronde van die gebruik van onwettige dwelmmiddels verdink word.
9. 'n In subartikel (8) beoogde leerder kan aan 'n urine- of ander ingreepsvrye toets vir onwettige dwelmmiddels onderwerp word slegs indien –

- a) die toets deur 'n persoon van dieselfde geslag gedoen word;
 - b) dit in 'n private area gedoen word, waar 'n ander leerder dit nie kan sien nie;
 - c) een volwasse getuie, van dieselfde geslag as die leerder, teenwoordig is;
 - d) die monster duidelik en korrek gemerk word met die in subartikel (5) beoogde volle besonderhede, met die nodige veranderinge; en
 - e) 'n in subartikel (11) beoogde toestel gebruik word.
10. Die prinsipaal of sy of haar gedelegeerde moet -
- (a) indien doenlik, die ouer binne een werkdag inlig dat 'n ewekansige toets of deursoeking en beslaglegging ten opsigte van sy of haar kind gedoen is; en
 - (b) die leerder en sy of haar ouer van die uitslag van die toets in kennis stel onmiddellik nadat dit beskikbaar word.
11. Die Minister moet –
- (a) die toestel waarmee die in subartikel (8) beoogde toets gedoen moet word en die prosedure wat gevolg moet word, identifiseer; en
 - (b) die naam van hierdie toestel, en enige ander tersaaklike inligting daaromtrent, in die Staatskoerant publiseer.
12. 'n Leerder kan aan dissiplinêre verrigtinge onderwerp word indien -
- (a) 'n gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel in sy of haar besit gevind word; of
 - (b) sy of haar monster positief toets vir 'n onwettige dwelmmiddel.
13. Enige dissiplinêre verrigtinge ten opsigte van 'n leerder moet ingevolge die beoogde gedragskode in artikel 8 gehou word.
14. Die skool mag geen strafregtelike verrigtinge instel teen 'n leerder ten opsigte van wie -
- (a) 'n in subartikel (2) beoogde deursoeking gedoen is en 'n gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel gevind is; of
 - (b) 'n in subartikel (8) beoogde toets gedoen is, waarvan die uitslag positief was. (*geneem uit "Staatskoerant 31.12.2007 No. 30637"*)

D. BESTER
SKOOLHOOF

T. VAN NIEKERK
VOORSITTER : BEHEERLIGGAAM